Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# HOOGTEPUNTE

# uit die

# REKTOR SE BESTUURSVERSLAG

# aan

# DIE RAAD

Maandag, 17 April 2023

Prof Wim de Villiers,

Rektor en Visekanselier

## Inhoudsopgawe

**BESTUURSOPSOMMING** ..... 3

**HOOGTEPUNTE UIT DIE REKTOR SE BESTUURSVERSLAG** ..... 3

**1. Brei die US-handelsmerk uit** ..... 11

**2. Grade- en toewydingsplegtighede 2022** ..... 12

**3. US Onderrigtoekennings 2022** ..... 12

**4. Twee nuwe US-onderriggenote** ..... 13

**5. US twee navorsingsleerstoele ryker** ..... 13

**6. Studentewerwing en strategiese inskrywingsbestuur** ..... 13

**7. Momentopname van inskrywings en registrasie deur nuwelingeerstejaars in 2023** ..... 14

**8. Nadoktorale genote** ..... 15

**9. SUNFin-vordering met die oog op aktivering in Junie 2023** ..... 16

**10. Vordering met SUNStudent** ..... 16

**11. Verwelkoming 2023** ..... 17

**12. Hantering van die Khampepe-bevindinge en -aanbevelings** ..... 18

**13. Konferensie oor ras en transformasie in die hoër onderwys** ..... 18

**14. Navorsing vir impak** ..... 19

**SLOT** ..... 19

**MEDEWERKERS** ..... 20

## BESTUURSOPSOMMING

Welkom by die eerste geskeduleerde Raadsvergadering van die Universiteit Stellenbosch (US) vir die jaar. Hoewel die tweede kwartaal van die akademiese jaar reeds goed op dreef is, is dit dalk goed om ’n oomblik stil te staan en na te dink oor die ietwat somber noot waarop 2023 begin het.

**Sterfgevalle**

Die tyding van die ontydige afsterwe van ons Raadsvoorsitter, Ainsley Moos, op 31 Januarie het ons diep geskok. Ons sal hom altyd as ’n formidabele leier onthou en eer. Ons het daardie selfde dag gehoor dat Desmond Smith, ’n vorige Raadsvoorsitter en die dienende voorsitter van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS), ook oorlede is. Daarbenewens was ons hartseer om te hoor dat ’n BCom-tweedejaarstudent, Dylan Georgiades, op Vrydag 10 Februarie in ’n oënskynlike tref-en-trap-ongeluk gesterf het.

**Nuwelinginskrywings en ’n stewige grondslag vir 2023-akademise jaar**

Met verwysing na ons inskrywings deur nuwelingstudente vir vanjaar, is dit vir my aangenaam om te kan sê dat daar ’n toename van 3,9% in vergeleke met die vorige jaar by die US was. Ware registrasies teen die einde van die registrasietydperk het op 6 110 nuweling-registrasies te staan gekom, in vergelyking met 5 880 die vorige jaar. Die BSIA-inskrywings het merkbaar van 2 458 in 2022 tot vanjaar se 2 704 gestyg. [Die gedetailleerde verslae oor nuwe inskrywings en voorgraadse registrasie vir 2023 is by die volgende skakel beskikbaar: https://www.sun.ac.za/afrikaans/InformationGovernance/Pages/Student-Reports.aspx?TermStoreId=d4aca01e-c7ae-4dc1-b7b2-54492a41081c&TermSetId=40a4d9df-5bad-4ae2-8a01-637248e825b4&TermId=903fa7ac-100e-4ae7-9e3e-8f9af4d34017]

**Fondswerwing**

Ons goeie inskrywingsyfers vir die jaar word op gepaste wyse onderstut deur uitstekende prestasie deur ons fondswerwingspan. Totale filantropiese skenkings aan die US vir Februarie 2023 (R94,66 miljoen) het die totaal vir Februarie 2022 (R79,25 miljoen) met 19,4% oortref. Daarmee behou ons die positiewe momentum van verlede jaar, toe ons filantropiese inkomste ’n hoogtepunt van R272 miljoen bereik het vergeleke met R234 miljoen die vorige jaar – ’n toename van 14%.

**NSFAS-perk op huisvestingstoelaag**

Op bedryfsvlak hou die besluit deur die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) om vanjaar ’n perk van R45 000 op huisvestingsfinansiering vir kwalifiserende studente in te stel ’n aansienlike uitdaging vir die sektor in. By die US sal baie van ons koshuiskamers én privaat NSFAS-geakkrediteerde huisvesting meer as R45 000 vir die jaar kos. Ons het NSFAS genader vir duidelikheid oor hoe die gevolglike tekort per student betaal sal word.

Die skema het later aangekondig dat aansoeke om vrystelling van die perk oorweeg sal word. Ons verstaan tans dat aansoeke om vrystelling vir universiteitshuisvesting voorrang sal geniet. Ons het ons

aansoek ingedien, en ons wag nog op ’n antwoord. Nietemin is ons bewus van ander universiteite wie se aansoeke van die hand gewys is.

Die Rektoraat het intussen ’n gebeurlikheidskomitee onder leiding van die Registrateur aangestel om te bepaal hoe die Universiteit studente in dié verband kan bystaan. Die komitee bestaan uit verteenwoordigers van Studentehuisvesting, Studentesake (onder meer Studentegemeenskappe), Studentefinansiering, Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge, en die Studenteraad (SR).

Daarbenewens het Universiteite Suid-Afrika (USAf) namens die sektor ’n beroep op die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Innovasie gedoen om die nuwe beleid oor die perk op huisvestingsfinansiering te onttrek totdat ’n omsigtigheidsondersoek onderneem is en ’n behoorlike, weldeurdagte beleid geformuleer kan word. USAf het beklemtoon dat indien die beleid sou bly, studente met die finansieringstekort opgesaal sal word, wat die regering se verbintenis tot volle finansiering vir NSFAS-studente sal skend.

Die US sal voortgaan om ons studente na geskikte verblyf te help soek en om met die betrokke entiteite, waaronder die SR en NSFAS, saam te werk om met langtermynoplossings vorendag te kom.

**Toename in nuwelinginskrywings**

Op ’n meer positiewe noot doen ek graag verslag dat inskrywings deur nuwelingeerstejaars vergeleke met verlede jaar met 3,9% gestyg het. Werklike registrasies na afloop van die registrasietydperk het op 6 110 te staan gekom (2022: 5 880). Die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-)komponent van nuwe inskrywings het ook toegeneem van 2 458 in 2022 tot 2 700 vanjaar. (Vir volledige verslae oor vanjaar se nuwe inskrywings en voorgraadse registrasies, raadpleeg https://www.sun.ac.za/afrikaans/InformationGovernance/Pages/Student-Reports.)

**Stewige grondslag vir akademiese jaar 2023**

Ek is ewe ingenome om ’n paar hoogtepunte van ons universiteit se uitmuntende prestasie in 2022 aan die Raad voor te lê, wat natuurlik as grondslag vir voortgesette uitnemendheid in 2023 sal dien.

***Navorsingsuitset***

Volgens die amptelike syfers wat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) in 2022 vrygestel het, is die US onder die voorste drie navorsingsintensiewe universiteite in die land – per kop sowel as wat totale navorsingsuitset betref. Ons het tans 68 navorsingsleerstoele nadat ons in 2012 met 16 begin het. Ons nadoktorale genote het van 154 in 2012 tot 354 in 2022 aangegroei. Boonop spog ons nou met 20 A-gegradeerde navorsers nadat ons in die jongste evalueringsrondte nege nuwe A-graderings ontvang het. Navorsers met ’n A-gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) word deur hulle eweknieë as toonaangewende internasionale wetenskaplikes op hulle onderskeie gebiede beskou op grond van die hoë gehalte en impak van hulle onlangse navorsingsuitsette. Teen die einde van 2022 het ons altesaam 492 NNS-gegradeerde navorsers gehad.

***Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, en CERI***

In die skrale drie jaar sedert dit tot stand gebring is, het die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke reeds ’n enorme impak binne én buite ons land gehad.

Een van die Skool se interdissiplinêre eenhede, die Sentrum vir Epidemiereaksie en -innovasie (CERI), het wêreldwyd aandag getrek met sy revolusionêre werk oor genoomreeksbepaling. SERI se navorsing is ’n spelwisselaar in Afrika se strewe om ’n wêreldleier te wees in die waarneming en vroeë opsporing van, en doeltreffende reaksie op, toekomstige epidemies. Die prestigeryke *MIT Technology Review* het hierdie werk deur prof Tulio de Oliveira en sy span as een van die tien grootste tegnologiedeurbrake van 2022 aangewys.

CERI het vroeg in 2022 ook besoek ontvang van president Cyril Ramaphosa en die internasionaal gerekende filantroop dr Patrick Soon-Shong. Daarbenewens het ’n hoëvlakafvaardiging van die Wêreldgesondheidsorganisasie onder leiding van direkteur-generaal Tedros Ghebreyesus kort daarna besoek afgelê. Ghebreyesus het opgemerk dat ons navorsers oor ’n formidabele vaardigheidsbasis en wêreldklasnavorsingsvermoëns beskik, wat CERI en die hipermoderne fasiliteite van die Biomediese Navorsingsinstituut op ons mediese kampus die ideale sentrum maak vir die ontwikkeling van inentingsterapieë oor die volle spektrum – van Covid tot malaria en vele ander gevreesde siektes wat ons vasteland teister.

***Skool vir Klimaatstudie***

Die Skool vir Klimaatstudie is eweneens skaars ’n jaar oud, maar het reeds sy stempel op die wêreldverhoog afgedruk. Deur sy betrokkenheid by die wêreldwye klimaatskonferensie COP27 in Egipte laat verlede jaar het die Skool globale jeugklimaatsambassadeurs by ’n week van klimaatsgeleenthede vir jongmense – die sogenaamde Climate X-week – betrek. Dit was ook gasheer vir die Afrikastreeksforum oor Klimaatsverandering, waar 16 Afrikalande teenwoordig was. Boonop verteenwoordig die Skool die US in die Globale Universiteitsalliansie oor die Klimaat, of GAUC. Ons is die enigste Afrika-universiteit in GAUC. Ander lede sluit in die Universiteit van Kalifornië, Berkeley; Cambridge; Imperial College London; die Londense Skool vir Ekonomie en Politieke Wetenskap; die Massachusetts Instituut vir Tegnologie; die Universiteit van Tokio, en Tsinghua-universiteit in China.

***Nobel in Afrika-simposiumreeks***

Die Nobel in Afrika-simposiumreeks, wat in Oktober 2022 by STIAS aangebied is, was ’n uitstekende vertoonvenster van ons vasteland se potensiaal vir kennisskepping en navorsing. Deur dié inisiatief het STIAS die eerste instelling buite Skandinawië geword om Nobelsimposiums namens die Nobelstigting aan te bied sedert die simposiumreeks in 1965 van stapel gestuur is. Die Afrikagerigte geleentheid het ook ’n uitreik-element ingesluit wat deelnemers in staat gestel het om openbare lesings by universiteite en nvaorsingsinstitute deur die hele land aan te bied. Dít was ’n besonder doeltreffende manier om die wetenskap vir ’n groter gehoor toeganklik te maak.

***Innovasie en entrepreneurskap***

Die US het in 2022 sy klem op innovasie en entrepreneurskap verskerp om ons positiewe impak op die samelewing te verdiep. ’n Entrepreneursingesteldheid word in ál ons leer en onderrig, navorsing en

sosiale-impakwerk vasgelê. Terselfdertyd het die sinergie met Innovus (ons afdeling vir tegnologieoordrag, entrepreneursbystand en innovasie) en die LaunchLab (ons sake-inkubator) daartoe gelei dat die Universiteit en sy afwentelmaatskappye 136 patentaansoeke opgelewer het. Dít is nie net meer as enige ander universiteit in die land nie, maar oortref ook patentaansoeke deur enige ander nasionale navorsingsinstituut of -organisasie.

***Internasionale ranglyste***

Ondanks meningsverskille oor ranglyste, bly dit ’n manier om universiteitsukses te meet. Die Times Higher Education-wêrelduniversiteitsranglys (THE WUR) wat in Oktober 2022 vrygestel is, plaas die US tweede in Suid-Afrika, wat ons plek onder die 300 voorste universiteite ter wêreld bevestig.

Ons het ons prestasie ten opsigte van die aanwysers vir sitate, navorsing én onderrig verbeter. Die grootste verbetering was in die telling vir sitate, wat met 4,4% verhoog het. Te oordeel na die THE WUR se eie definisie van die sitate-aanwyser, toon dít dat ons ’n kernspeler is om “nuwe kennis en idees te versprei” en ’n aansienlike bydrae lewer tot “die som van menslike kennis”.

Ook die jongste Times Higher Education-wêreldreputasieranglys plaas die US tweede in Suid-Afrika. Ons is nou deel van die 150 beste instellings ter wêreld op die gebied van Kliniese en Gesondheidswetenskappe, die 200 bestes in Regsgeleerdheid, die 250 bestes in die Opvoedkunde, en die 300 bestes in Lettere en Geesteswetenskappe. Oor die algemeen tel ons onder die 300 bestes in die wêreld in vyf van die 11 vakkategorieë wat beoordeel is.

***Gradeplegtighede en kwalifikasies toegeken***

Ons was verheug om in Desember 2022 vir die eerste keer sedert die uitbreking van die pandemie na kontakgradeplegtighede vir ons voor- en nagraadse studente te kon terugkeer. Elf plegtighede is by die Coetzenburg-sentrum aangebied, waar ons 5 583 kwalifikasies verleen het. Om vir opknappings aan die Coetzenburg-sentrum voorsiening te maak, is ons gradeplegtighede in Maart 2023 in buitelugformaat by die Coetzenburg-atletiekstadion aangebied. Dié keer het 3 072 studente die verhoog oorgesteek, wat die totale getal graduati vir 2022 op 8 655 te staan bring.

Daar was ’n merkbare toename in swart Afrikaan-graduati. Dié groep het van 2021 tot 2022 met 11,6% toegeneem, met ’n groeikoers van 26,5% (van 480 tot 607) op voorgraadse vlak, en 5,7% (van 1 214 tot 1 283) nagraads.

Meer as die helfte van die kwalifikasies wat verleen is, was op nagraadse vlak, en magistergrade het die grootste persentasie (17,2%) van totale kwalifikasies uitgemaak. Dít beloof goed vir die skepping van ’n konsekwente stroom doktorale inskrywings in die toekoms.

**SAMRK-verslag oor ‘verbod op Afrikaans’ in koshuise in 2021**

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) het op 15 Maart 2023 ’n verslag uitgereik wat bepaal dat die US gedurende die verwelkomingstydperk van 2021 die menseregte van Afrikaanssprekende studente geskend het.

Menswaardigheid is ononderhandelbaar by ons instelling en moet gerespekteer en gehandhaaf word. Ons was teleurgesteld toe ons van die voorvalle te hore gekom het, en ons neem kennis van die SAMRK se aanbevelings oor taal by die US.

Die US bly daartoe verbind om menseregte, meertaligheid en inklusiwiteit vir ál sy studente, personeel en belanghebbendes te bevorder namate ons in navolging van ons Taalbeleid groei en ontwikkel. Nietemin het ek al voorheen gesê dat ons meertaligheidsreis allesbehalwe maklik is. Foute is onvermydelik, en ons sal daaruit leer namate ons ’n progressiewe, meertalige en inklusiewe Suid-Afrikaanse 21ste-eeuse universiteit bou. Teen hierdie agtergrond het ons reeds met stappe begin toe die eerste berigte oor die gebruik van taal in ’n bepaalde koshuis in 2021 aan die lig gekom het, soos die SAMRK inderdaad ook erken.

Ons is tans in druk gesprek oor die SAMRK se bevindinge, voorgestelde regstellende optrede en aanbevelings om ons volgende stappe te bepaal om die verwelkomende en inklusiewe aard van ons instelling te versterk en die regte en voorregte van ál ons belanghebbendes te beskerm.

Daar is uiteraard wyd in die media oor die SAMRK-verslag berig. Gevolglik het die Senaat by sy vergadering op 24 Maart 2023 oorweldigend ten gunste van ’n mosie van vertroue in ons strewe na inklusiwiteit en meertaligheid by die US gestem. Die hele bestuurspan het hulle vir die duur van dié gesprekke aan die vergadering onttrek. Prof Mbulungeni Madiba, dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, het in sy onderskrywing van die mosie gesê meertaligheid by die US is ’n gesamentlike projek, en ’n noodsaak wat alle dekane sterk ondersteun. Hy het bygevoeg dat die meeste ander universiteite in die land nie kon nadoen wat die Universiteit ten opsigte van meertaligheid bereik het nie.

Dit is dan ook in hierdie gees van vertroue en inklusiwiteit wat ons die jongste bewerings van ’n verbod op die gebruik van Afrikaans in sekere koshuise gedurende vanjaar se verwelkomingstydperk sal benader. Dit word tans ondersoek en sal ooreenkomstig die Universiteit se goedgekeurde beleide, beginsels en prosesse hanteer word.

**Voorsiening in vraag na koshuisplek vir vrouestudente**

Ons het die afgelope dekade ’n konsekwente toename in vroue-eerstejaarsinskrywings opgemerk. Dít vereis dat ons ook in die gepaardgaande toename in die vraag na koshuisplek vir hierdie studente voorsien.

Huidige koshuisplasingspraktyke blyk tans manstudente te bevoordeel:

- Die moontlikheid dat mansaansoekers geplaas word, is 50% sterker as vroue-aansoekers (2023). Teen finale registrasie in 2023 was die verhouding van vroue-eerstejaars wat in koshuise geplaas is teenoor vroue-aansoekers wat vir plasing in aanmerking gekom het 0,15, vergeleke met 0,22 vir mans.
- Een uit sewe vroue-aansoekers het in 2023 koshuisplek gekry, terwyl een uit vyf mansaansoekers plasing ontvang het.

- Mansaansoekers moes 80% in graad 11/12 behaal het om op grond van akademiese meriete koshuisplasing te ontvang; nietemin is die minimum vir vroue-aansoekers op 85% vasgestel.

Die Universiteit het dus met studente en belanghebbendes begin skakel om in die toenemende vraag na koshuisplek vir vrouestudente te voorsien. ’n Werkgroep onder leiding van dr Choice Makhetha, ons senior direkteur van Studentesake, is op die been gebring om idees vir die gefaseerde implementering van ’n voorgestelde 60:40-koshuisplasingsbeleid ten gunste van vroue-aansoekers te ontwikkel.

Verskeie faktore moet in ag geneem word, waaronder finansiële implikasies, infrastruktuurvereistes en studentegemeenskappe. Die proses sal na verwagting stelselmatig vanaf 2024 ingefaseer word.

Ons het tans 14 gemengde koshuise by die US. Op Stellenboschkampus het ons Goldfields, Metanoia en Huis Neethling (Maties Sport) op voorgraadse vlak, en Lobelia, Concordia, Huis MacDonald, Huis de Villiers, Huis Russel Botman en The Village vir seniors. Ons gemengde koshuise op Tygerbergkampus is Hippokrates, Meerhoff, eNkanyini, Huis Nkosi Johnson en Huis Ubuntu.

**Institusionele Beplanningsforum 2023**

Ons het die jaar met ons gebruiklike Institusionele Beplanningsforum (IBF) begin, waar meer as 70 senior kollegas van oor ons hele instelling – sowel fakulteite as professionele en administratiewe steundienste-(PASD-)afdelings – koppe bymekaargesit het. Die IBF is voorafgegaan deur die Rektoraatsindaba. Hierdie beplanningsbyeenkomste is belangrike geleenthede in ons jaarbeplanningsiklus en word deur die Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake aangevoor.

As ’n span, moes ons opnuut nadink oor die doel, rol en plek van ons universiteit in die konteks van die hoëronderwysuitdagings in Suid-Afrika, maar ook teen die groter agtergrond van hoëronderwystendense en -vereistes wêreldwyd.

Hieronder volg ’n samevatting van my inleidende opmerkings by die IBF én van verbandhoudende ontwikkelings sedertdien:

***Transformasie***

Die transformasie van ons universiteit is ’n institusionele prioriteit, en die Rektoraat het hierdie belangrike saak by ons lys institusionele spelwisselaars vir die toekoms ingesluit. Ons is dit almal eens dat transformasie ’n genuanseerde proses met vele fasette is.

Na aanleiding van die onaanvaarbare en ontstellende voorvalle op ons kampus verlede jaar en die gevolglike aanbevelings van die Khampepe-kommissie, het ons egter ’n omvattende reeks gesprekke met ons universiteit se interne belanghebbendes aangevoor. Die doel is om die aangeleenthede wat die kommissie in hulle verslag aanroer op ’n inklusiewe en bemagtigende manier te hanteer.

Die Rektoraat het die voorgestelde implementeringsproses wat op Sondag 5 Maart met die Raad bespreek is aan ons institusionele transformasiestrukture, die Senaat, die Institusionele Forum, dekane, direkteure van skole, senior en uitvoerende direkteure, fakulteitsbestuurders, studenteleierskapstrukture en personeellede voorgelê. Die Senaat het ook by hulle vergadering op Vrydag 24 Maart ’n vorderingsverslag ontvang.

Alle belanghebbendes het hulle steun toegesê aan die beoogde proses van die Komitee in Reaksie op die Kommissie se Aanbevelings (CIRCoRe), wat onder my leiding staan. CIRCoRe en sy werkstrome beloof om uitvoering te gee aan ons transformasiestrewe om ’n plek te wees waar ál ons studente en personeel tuis voel. Ek het prof Aslam Fataar as implementeringshoof aangestel, en hy is tans hard aan die werk om die goedgekeurde strukture op die been te bring.

***Oordink ons rol in die samelewing***

Ons het die afgelope paar jaar doelbewus daaraan gewerk om daardie aspekte van ons universiteit wat ons uitnemendheid in die toekoms sal ondersteun, te vorm en te slyp. Raadslede sal onthou dat ons graag ’n sterker entrepreneursingesteldheid wil ontwikkel in alles wat ons doen sodat ons die US se kernwerksaamhede van leer en onderrig, navorsing en sosiale impak innoverend kan benader. Ons wil ook (deur middel van ons goedgekeurde navorsingsgebiede) ons akademiese en navorsingsuitnemendheid eksponensieel uitbrei deur van die grootste uitdagings van ons tyd (klimaatsverandering, MIV/vigs, ensovoorts) die hoof te bied.

Ons het pas in 2020 aan ons aanpasbaarheid en soepelheid as ’n instelling begin werk toe Covid-19 sy opwagting maak en ons dwing om aan te pas by omstandighede en uitdagings wat niemand ooit kon voorsien het nie. As ’n span, het ons getoon ons het die durf, soepelheid en veerkragtigheid om nie net moeilike omstandighede te oorleef nie, maar daarin te floreer. Ons het reeds goed vordering gemaak met die kerndoelwitte in ons Strategiese Raamwerk 2019–2024 en in die strewe na ons visie om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te word.

Nogtans, hoewel ons gewys het ons kan blitsig aanpas, was daar niks lukraak, toevallig of onbeplan aan hoe ons die afgelope paar jaar ons strategie geïmplementeer het nie. Elke tree vorentoe was deurdag en doelbewus. Ons strategiese reis word gekenmerk deur belyning, integrasie en samehangende vordering.

***Waar ons is, en waarheen ons op pad is***

Aan die vooraand van 2024 – wanneer ons huidige strategiese beplanningsiklus ten einde loop – leef ons in ’n onbestendige, onseker, komplekse en dubbelsinnige wêreld. Ons staan voor die uitdaging om ons instelling met ’n duidelike visie en doelwit tot selfs groter hoogtes te voer.

Ek dink ek kan met sekerheid sê dat almal reeds weet *wat ons goed doen*. Ons akademiese en navorsingsuitnemendheid is onaanvegbaar, en ons oorsigbestuur is uitmuntend. Dít sal altyd ononderhandelbaar bly. Nou moet ons egter ons sterkpunte inspan om *die goeie te doen* ten opsigte van ons bydrae tot ons omliggende en wyer gemeenskap – in plaaslike, streeks- en wêreldverband.

Dít strook met wat elders ter wêreld gebeur. Toonaangewende universiteite wêreldwyd gee al hoe meer aandag aan hoe hulle werk die samelewing kan baat en hoe hulle met hulle gemeenskappe kan skakel, veral in die lig van ons splinternuwe realiteit ná Covid.

Ons beoog om in hierdie behoefte te voorsien deur onder meer ’n doelgerigte program van akademiese vernuwing, ’n voortdurende klem op die inter- en transdissiplinariteit van ons navorsing, en die ontwikkeling van nuwe metodes en platforms om ons gesogte leer-en-onderrig-inhoud aan te bied en

sodoende ’n groter studentegemeenskap te bereik. Hierdie belangrike sake maak deel uit van ons lys spelwisselaars vir die US.

Hierdie klem op die samelewing is nie vir ons nuut of vreemd nie. Om die samelewing se behoeftes die kern van ons bedrywighede te maak pas perfek by ons doel om ’n florerende, lewenskragtige, getransformeerde en sistemies volhoubare universiteit met ’n sterk sosiale impak te wees. En daarom het ons senior leiers by die IBF hulle volle steun toegesê aan hierdie strategiese benadering as rigtingwyser om ons volgende strategiese beplanningsfase aan te pak en die opwaartse momentum op ons reis na 2040 te handhaaf.

**Internasionalisering by die US**

***US Internasionaal vier 30$^{ste}$ bestaansjaar by SIAN-byeenkoms***

Die 19$^{de}$ byeenkoms van die Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerk (SIAN) het in Maart plaasgevind. Dit het saamgeval met US Internasionaal se 30$^{ste}$ verjaardag. Afgevaardigdes van 37 lande het die week lange konferensie bygewoon. As deel van die vieringe het US Internasionaal aangekondig dat die UNESCO-leerstoel in interkulturele vaardighede aan die US toegeken is, en ook die Sentrum vir Samewerking in Afrika se eerste jaarverslag oor volhoubare ontwikkeling bekend gestel.

***Belgiese samewerking***

Gedurende die Belgiese koningspaar se staatsbesoek aan Suid-Afrika het die US ’n sakemiddagete vir verteenwoordigers van Belgiese en Wes-Kaapse universiteite aangebied. By dié geleentheid het die US samewerkingsooreenkomste met KU Leuven, Vrije Universiteit Brussel, die Universiteit van Antwerpen, Université Catholique de Louvain en die Universiteit van Gent onderteken. Die instellings sal saamwerk aan studente- en personeelmobiliteit, die versterking van navorsingsnetwerke, en algemene sake. Dít toon hoe ons, as ’n internasionale hoëronderwysgemeenskap, saam vorentoe kan beweeg.

***SASUF-navorsingsweek***

In nóg ’n internasionale samewerking het die navorsings- en innovasieweek van die Suid-Afrikaanse Sweedse Universiteitsforum (SASUF) in die laaste week van Maart plaasgevind. Die week bring navorsers, opvoeders, studente en bestuursverteenwoordigers van ál 40 SASUF-vennootuniversiteite byeen. Die verrigtinge het bestaan uit satellietgeleenthede oor die hele Suid-Afrika, sowel as die Volhoubaarheidsforum, waarvoor die Universiteit van Wes-Kaapland as gasheer opgetree het. Ons het heelwat van die satellietgeleenthede op ons kampus aangebied.

***Vordering met in- en uitwaartse internasionalisering***

Altesaam 308 studente het in 2022 aan uitwaartse studentemobiliteitsgeleenthede deelgeneem, en die Universiteit het tot dusver vanjaar reeds ’n rekordgetal van 650 internasionale semesterstudente van oor die hele wêreld ontvang. Benewens die Study Abroad-programme, verleen die US en vennootuniversiteite ook gesamentlike grade. Ons het al meer as 40 sulke PhD-grade saam met 28 instellings en meer as 60 magistergrade saam met 11 instellings toegeken.

Namate ons saam vorentoe beweeg, sal gekoördineerde en geïntegreerde beplanning en implementering in ons onderskeie fakulteite, afdelings, departemente en entiteite noodsaaklik wees om ons belofte van diens aan die samelewing gestand te doen.

Soos dit ons gebruik is, gun ons weer ’n lid van die Rektoraat die geleentheid om ’n jaarverslag aan die Raad voor te lê. Hierdie keer kry die **Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, prof Sibusiso Moyo,** ’n beurt om oor aktiwiteite in haar verantwoordelikheidsentrum verslag te doen. Daarom bevat my verslag net uitgesoekte hoogtepunte uit haar portefeulje – raadpleeg gerus haar afsonderlike verslag vir verdere besonderhede.

Hierdie verslag handel oor die tydperk 11 November 2022 tot 3 Maart 2023, tensy daar anders aangedui word. Ek en my medebestuurslede verwelkom die geleentheid om met die Raad in gesprek te tree.

## HOOGTEPUNTE UIT DIE REKTOR SE BESTUURSVERSLAG

In die paragrawe hier onder bied ek hoogtepunte uit my bestuursverslag. Raadpleeg gerus die bylaag vir ’n vollediger kykie na die bydraes van die verskillende verantwoordelikheidsentrums.

### 1. Brei die US-handelsmerk uit

Ons het in die verslagtydperk voortgegaan om ons handelsmerk-identiteit te implementeer en het veral op die sigbaarheid van ons handelsmerk by institusionele geleenthede en werksessies gekonsentreer.

- **Die US se seremoniële embleem en seël**, wat die Raad in Junie 2022 goedgekeur het, het in Desember 2022 die eerste keer op ons gradedokumente (sertifikate en programboekie) verskyn (*sien foto’s hier onder*). Die embleem en seël is ’n visuele en simboliese voortsetting van ons korporatiewe logo.







- Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het in November 2022 ’n aantal **handelsmerkwerksessies** vir die US se handelsmerk-implementeerders aangebied. Die praktiese, oplossinggerigte sessies sorg dat alle rolspelers deur die hele Universiteit ons identiteit op ’n eenvormige en samehangende manier toepas. Die span het ook ’n handelsmerk- en mediawerksessie vir Maties Sport se handelsmerkambassadeurs aangebied.
- Die **vernuwing van ons gradedrag** is ’n opwindende gemeenskapskakelingsprojek om die US se nuwe handelsmerk-identiteit verder te voer. Die projek het in Februarie 2023 begin, en die eerste fase word deur die bekroonde oppervlakontwerper Primrose Charmz gefasiliteer.

- Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking se Handelsmerkspan het ’n lewendige en kenmerkende **US-handelsmerkervaring vir nuwelingeerstejaars by Verwelkoming 2023** verseker deur vlae, baniere, selfierame en selfs ‘tatoes’ te ontwerp en te vervaardig.

## 2. Grade- en toewydingsplegtighede 2022

Die VS van die Registrateur, die afdelings Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking, Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge, Fasiliteitsbestuur en ander rolspelers het die reëlings vir die **gradeweek** van 5 tot 9 Desember 2022 behartig. Ons was dankbaar om weer alle plegtighede van aangesig tot aangesig te kon aanbied.

Ons het **5 587 kwalifikasies** verleen, ses eredoktorsgrade toegeken en die prestigeryke Kanselierstoekenning aan 14 personeellede oorhandig. Die regstreekse uitsending van die plegtighede op die US se YouTube-stromingskanaal is **47 409 keer gekyk**. Die gradeplegtigheidswebblad het in die weke voor die plegtighede **71 375 besigtigings** ontvang. Daarbenewens het die Eenheid van die Institusionele Sekretariaat en Publikasies (ISAP) vier gradeboekies ontwerp en vervaardig. Die publikasies is in samewerking met Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking uitgegee om nakoming van die US se handelsmerkprotokolle sowel as toeganklikheid en gebruikervriendelikheid vir graduandi te verseker.

Die **voorgraadse toewydingsplegtighede** van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) het op 5 Desember op Tygerbergkampus plaasgevind. Altesaam 442 voorgraadse studente en graduandi in die program HonsBSc in Biokinetika het in die openbaar ’n interdissiplinêre belofte afgelê om die waardes van die Fakulteit én van hulle onderskeie gesondheidsberoepe te onderhou. Ons eerste kohort graduandi in die program B in Verpleegkunde was onder die deelnemers aan dié plegtighede.

Meer as **1 000 gaste** het die plegtighede by Tygerberg bygewoon, en die internetuitsending het **1 477 kykers** gelok. Tygerberg se Sentrum vir Studente-administrasie het uitstekende ondersteuning van die Dekaansafdeling en FGGW se Afdeling Bemarking en Kommunikasie ontvang om dié suksesvolle geleenthede aan te bied.

## 3. US Onderrigtoekennings 2022

Die institusionele keuringspaneel vir die US Onderrigtoekennings 2022 het op 16 November byeengekom. Sewe benoemdes is vir onderhoude genooi, en die volgende drie is uiteindelik goedgekeur (*sien foto’s hier onder van links na regs*):

- **Prof Faadiel Essop** van die Sentrum vir Kardiometaboliese Navorsing in Afrika (CARMA) in die Afdeling Geneeskundige Fisiologie (kategorie “Toonaangewende onderwysvakkundige”)

- **Prof Herman Kamper** van Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese (kategorie "Vakkundige opvoeder")
- **Me Mareli Rossouw** van die Skool vir Rekeningkunde (kategorie "Vakkundige opvoeder")

Hulle het hulle toekennings by ʼn onderrig-en-leer-viering op 2 Maart 2023 ontvang.

## 4. Twee nuwe US-onderriggenote

Twee nuwe onderriggenote is vir die siklus van 2023 gekies. Hulle is **prof Dennis Francis** (Sosiologie en Sosiale Antropologie) en **prof Nicola Plastow** (Arbeidsterapie). Albei genote se navorsingsprojekte sal oor sosiale geregtigheid in onderrig en leer in die hoër onderwys handel.



Prof Francis (*links*) sal konsentreer op die bevraagtekening van verpligte heteroseksualiteit in skoolonderwys in Suid-Afrika in die module Sosiologie 144, en die raamwerk wat dié module bied om sosiale ongelykheid in die algemeen te beveg.

Prof Plastow (*regs*) sal ondersoek hoe diensleer sosiale deelname en arbeidsgeregtigheid vir ouer mense in Bishop Lavis kan bevorder. Haar navorsing behels die ontwikkeling van ʼn nuwe gemeenskapskakelingsprojek by die US.



## 5. US twee navorsingsleerstoele ryker

Die US het twee nuwe navorsingsleerstoele op energiegebied ontvang. ʼn Sasol/DWI-NNS-leerstoel in groen waterstof op vlak 1 is aan prof Prathieka Naidoo van Prosesingenieurswese toegeken, en ʼn leerstoel in energiemodellering op vlak 2 aan prof Bernard Bekker van die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies. ʼn Moontlike derde leerstoel, in rekenaarsterrekunde, word nog oorweeg.

## 6. Studentewerwing en strategiese inskrywingsbestuur

Om ʼn diverse en inklusiewe studentegemeenskap aan die US te verseker, konsentreer voorgraadse studentewerwingsaktiwiteite daarop om vasgestelde BSIA-inskrywingsmikpunte te bereik. Benewens doelbewuste pogings die hele 2022 deur om voornemende studente te oorreed om aansoek te doen, het die Afdeling Studentewerwing, fakulteite en die VS van die Registrateur in onderskeidelik November 2022 en Januarie 2023 ook **twee omskakelingsveldtogte** onderneem. Die doel was om soveel moontlik voorwaardelike aanbiedinge in werklike inskrywings om te skakel.

Dit was deur en deur die moeite werd, want met 44,3% BSIA-nuwelingeerstejaars wat uiteindelik ingeskryf het, het ons die mikpunt van 43,1% oorskry (*sien tabel hier onder*). Hoewel die meeste fakulteite hulle diversiteitsmikpunte bereik of oorskry het, moet diversiteitsinskrywings in sekere fakulteite en bepaalde akademiese programme egter nog verbeter.

*BSIA-inskrywings in 2023 volgens fakulteit, vergeleke met mikpunte (soos op 13 Februarie 2023)*

| Fakulteit | Inskrywings | Mikpunt | Verskil | % verskil |
|---|---|---|---|---|
| AgriWetenskappe | 133 | 160 | -27 | -16,9% |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Lettere en Sosiale Wetenskappe | 678 | 550 | 128 | 23,3% |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 514 | 506 | 8 | 1,6% |
| Opvoedkunde | 365 | 110 | 255 | 231,8% |
| Ingenieurswese | 314 | 316 | -2 | -0,6% |
| Regsgeleerdheid | 71 | 66 | 5 | 7,6% |
| Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | 236 | 271 | -35 | -12,9% |
| Krygskunde | 46 | 90 | -44 | -48,9% |
| Natuurwetenskappe | 242 | 293 | -51 | -17,4% |
| Teologie | 101 | 56 | 45 | 80,4% |
| **Totaal** | **2 700** | **2 418** | **282** | **11,7%** |


Werwingsaktiwiteite met die oog op **inname 2024** het met die heropening van skole in die middel van Januarie 2023 begin. Sedertdien het die werwingspan reeds aan meer as 42 loopbaanuitstallings in die suidelike en noordelike voorstede van Kaapstad, die Kaapse Wynland en die Suid-Kaap deelgeneem. Hierdie uitstallings was deel van die skoukalender wat die Kaapse Vereniging vir Loopbaaanuitstallings (CCEA) jaarliks koördineer. Die span het ook reeds ’n aansienlike getal skoolbesoeke in die Wes-Kaap, Limpopo, Gauteng, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap onderneem. Besoeke aan die res van die provinsies volg in die maande wat voorlê.




*’n Hoogtepunt op die studentewerwingskalender was die kampusbesoek van 50 uitgesoekte hoërskoolleerders van die Wes-, Noord- en Oos-Kaap terwyl hulle in Desember 2022 die jaarlikse jeugleierskonferensie van* Die Burger *bygewoon het. Hulle het sterk belangstelling in die US uitgespreek.*

## 7. Momentopname van inskrywings en registrasie deur nuwelingeerstejaars in 2023

Die diagramme hier onder toon inskrywings vir 2023 en 2022 op grond van die amptelike syfers na afloop van die onderskeie registrasietydperke.





*Verspreiding van nuwe inskrywings volgens bevolkingsgroep, 2022-2023*

*<u>LET WEL</u>: Internasionale studente hoef sedert 2022 nie meer hulle bevolkingsgroep in hulle aansoeke te verstrek nie, wat die betreklik groot getal studente verklaar wat in albei jare hierdie data "weerhou" het.*

Van 2022 tot 2023:

- het **swart Afrikaan-inskrywings met 16,5% toegeneem** van 1 189 tot 1 385;
- het **bruin inskrywings met 0,7% toegeneem** van 1 070 tot 1 078;
- het **Indiër-inskrywings met 18,5% toegeneem** van 184 tot 218;
- het **wit inskrywings met 1,7% toegeneem** van 3 139 tot 3 191; en
- het **Asiër-inskrywings met 53,3% toegeneem** van 15 tot 23.

Soos die grafiek hier onder toon, staan **totale BSIA-inskrywings vanjaar op 44,3%**, wat die hoogste is sedert 2019.




*BSIA-inskrywings as persentasie van totaal, 2019-2023*

## 8. Nadoktorale genote

Ons het aan die einde van 2022 altesaam 348 nadoktorale genote gehad nadat van die oorspronklike 371 genote in die loop van die jaar hulle toegewyde navorsingsprojekte afgehandel het. Nadoktorale genootskappe word gewoonlik vir een tot vyf jaar toegeken.

Ons nadoktorale genote is oor ál ons fakulteite versprei, maar die meeste is geleë in Natuurwetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, AgriWetenskappe, en Ingenieurswese. Hulle vervul 'n al hoe belangriker rol om ons strategiese tema van navorsing vir impak te bevorder, en daarom beoog ons om ons getal genote teen 2026 tot 600 te verhoog.

## 9. SUNFin-vordering met die oog op aktivering in Junie 2023

Die SUNFin-projek konsentreer steeds daarop:

- om die Oracle Cloud Financial- (OCF-)oplossing te toets en finaal goed te keur;
- om opleidingsmateriaal te voltooi;
- om eindgebruikers op te lei;
- om bykomende vereiste verslagdoeningsfunksies te bou;
- om voor te berei vir die oorskakeling na OCF wat tegnologie én datasuiwering betref;
- om die oplossing teen die ooreengekome teikendatum van Junie 2023 in werking te stel; en
- om ná aktivering aanvanklike bystand te verleen en die stelsel aan die bedryfspan te oorhandig.

Toetsgehalte is voortreflik. Die toetse is boonop ’n goeie manier om die vernaamste eindgebruikers so ver te kry om die nuwe stelsel te ervaar en te leer ken én meer geesdriftig te raak oor hoe dit hulle werk sal ondersteun.

Hoewel ons reeds 50% van die toetsgevalle voltooi het, het dít meer as 50% van die toegelate toetstyd in beslag geneem. Die gevaar bestaan dus dat die span dalk ekstra tyd sal nodig hê om die toetsing te voltooi, wat ’n moontlike domino-effek op die aktiveringsdatum sal hê. Nietemin werk die span hard om die impak van die stadiger vordering te beperk deur kwessies flink op te los namate dit opduik, die implikasies van verdere uitstel te deurdink, en te bepaal of verdere aktiwiteite in die plan nie dalk saamgevoeg of verkort kan word nie.

Ons hou die vordering fyn dop. Sodra daar genoeg inligting beskikbaar is oor die plan vir gebruikeraanvaardingsopleiding en watter impak dit op die SUNFin-tydlyn sal hê, sal ’n spesiale beheerkomiteevergadering moontlik belê word om te besluit of verdere uitstel van die aktiveringsdatum by die Rektoraat aanbeveel moet word.

## 10. Vordering met SUNStudent

By die beheerkomiteevergadering in November 2022 is daar besluit om die aktivering van die SUNStudent-funksies vir Registrasie, Studentegeld en -dienste, Koshuisbestuur sowel as Finansiële Bystand van Desember 2022 tot Desember 2023 uit te stel. Dít was om genoeg tyd toe te laat vir stelsel- en konfigurasievoorbereiding, gebruikergereedheid, en bedryfs- en institusionele oorwegings.

Die projekspan het sedertdien hulle aktiwiteite van voor af beplan om te sorg dat ál hierdie modules gereed sal wees om vanaf Desember 2023 ooreenkomstig die studente-administrasiesiklus te aktiveer. Verskeie bykomende eksterne en interne hulpbronne sal betrek word om hierdie ambisieuse mikpunt te bereik.

Hierdie vertragings beteken nou dat SUNFin vóór SUNStudent geaktiveer sal word, wat alternatiewe integrasie tussen die ou, geïntegreerde studente-inligting-/finansiesstelsel en SUNFin vereis. Belangrike fokusgebiede in dié verband is:

- om te verhoed dat daar steeds toegang bekom word tot finansiële inligting op die ou studente-inligtingstelsel nadat SUNFin geaktiveer is; en
- om die nodige integrasies vanaf die ou studente-inligtingstelsel betyds te voorsien om vir behoorlike toetsing binne die SUNFin-tydlyn voorsiening te maak.

Ander SUNStudent-nuus is dat die Stellenbosch Bestuurskool se aansoek- en toelatingsproses met ingang van April 2023 ook na ons nuwe studente-inligtingstelsel oorgeplaas sal word. Die SUNStudent-funksie vir Aansoeke en Toelating werk reeds die afgelope twee jaar goed vir die res van ons instelling.

## 11. Verwelkoming 2023

Voorbereidings vir Verwelkoming 2023 het reeds in Augustus 2022 begin. Vanjaar se program het sekere bykomende aanpassings ingesluit om sterker klem te lê op die skep van ’n menseregtekultuur wat op sosiale geregtigheid gegrond is, en om te sorg dat studente genoeg rus in die lig van die besige fakulteits- en algemene verwelkomingsprogramme waaraan hulle moes deelneem. Internasionale studente is ook by die aktiwiteite ingesluit sodat hulle Suid-Afrikaners kon ontmoet en die Universiteit se etos kon leer ken.

Hoogtepunte van die verwelkomingsprogram, wat deur ons Sentrum vir Studentegemeenskappe gekoördineer en deur die groter Afdeling Studentesake ondersteun is, het die volgende ingesluit:

- In ons **aanlyn inskakelingsprogram**, wat die Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Onderwys en Burgerskap (SSLEOB) van 14 Desember 2022 tot 16 Januarie 2023 voorsien het, is vyf regstreekse webinare aangebied vir meer as 3 000 voornemende studente vergeleke met 1 717 studente die vorige jaar. Hierdie styging in deelname is hoofsaaklik te danke aan ’n studentegerigte e-posveldtog wat deur Studentesake se kommunikasiekoördineerder ontwerp is.

- Die **Droomloop en Droomfees** het nuwelingeerstejaars ’n geleentheid gebied om die amptelike aanvang van hulle akademiese loopbane by ons instelling te vier. Studente, hulle ouers en personeel kon aan ’n verskeidenheid pretaktiwiteite deelneem, wat betrokkenheid verseker het. Danksy knap koördinering deur ons personeel het Krygskunde se nuwelingstudente van die US se Saldanhakampus en lede van die Militêre Akademie-studenteraad (MASC) vanjaar vroeër op ons Stellenboschkampus aangekom vir ’n verwelkomingsmiddagete saam met Studentesake-personeel én hulle eie Droomloop in Victoriastraat (*sien foto’s hier onder*).






*Krygskunde-nuwelinge en MASC-lede neem vir die eerste keer deel aan die Universiteit se Droomloop. Dit is voorafgegaan deur ’n verwelkomingsmiddagete saam met die senior direkteur van Studentesake, dr Choice Makhetha (in rooi), en ander US-personeel en -studenteleiers.*


Ons Saldanha-studente het voorheen uitsluiting ervaar wanneer hulle die Rektor se verwelkoming bygewoon het omdat hulle nie deel gevoel het van die US-studentegemeenskap nie, en as gevolg van hulle rooster nie aan die Droomloop kon deelneem nie. Die studente het vanjaar se reëlings

baie waardeer, en daar is afgespreek dat die MASC-leiers weer oorgenooi sal word vir verdere skakeling om te sorg dat ons Krygskundestudente ook baat vind by wat die Stellenboschkampus en Studentesake bied.

Tygerbergkampus het weer hulle eie verwelkomingsprogram aangebied wat die unieke vereistes en rooster van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se studente pas.

- Studentesake, die alumniplatform Maties Connect en die Wes-Kaapse Departement van Sport, Kuns en Kultuur het saamgewerk om die verwelkomingsprogram met **Vensters en die eerste Maties Connect-musiekfees ("MC Fest")** af te sluit (*sien foto's hier onder*). Die oorhoofse doel van die geleenthede was om sosiale samehang deur diversiteit te bevorder. Vir verdere inligting, gaan na http://www.sun.ac.za/afrikaans/Lists/news/DispForm.aspx?ID=9652.



- Verwelkomingsaktiwiteite is **deurgaans gemoniteer** om te sorg dat nuwelinge welkom voel by die instelling en dat praktyke wat hulle menswees en waardigheid kon skend dadelik aandag ontvang. Monitors het ook 'n oog gehou oor alkoholgebruik, voedselsekerheidsuitdagings hanteer, en in noodhuisvestingsbehoeftes voorsien. Die Moniteringsadvieskomitee het elke tweede dag ontmoet om aktiwiteite en gebeure te bespreek, en studenteleiers, koshuishoofde en ander vennote is betrek waar dit nodig was.

## 12. Hantering van die Khampepe-bevindinge en -aanbevelings

Die Rektoraat het 'n konsepdokument opgestel wat verduidelik watter proses gevolg sal word om die insigte, bevindinge en aanbevelings in die Khampepe-verslag te hanteer. Gesprekke oor die dokument het daarna met verskeie entiteite op kampus begin. Die plan is om die sentrale komitee en werkstrome wat in die dokument voorgestel word teen die einde van Maart 2023 op die been te bring.

## 13. Konferensie oor ras en transformasie in die hoër onderwys

Die US, die Universiteit van Bath (Verenigde Koninkryk) en Nelson Mandela Universiteit (Gqeberha) het saamgewerk om van 15 tot 17 November 2022 die konferensie oor ras en transformasie in die hoër onderwys by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing aan te bied.

Die geleentheid het plaasgevind in die US se eie konteks van institusionele transformasie in pas met menseregte, billikheid en regstelling, sowel as teen die groter agtergrond van hoëronderwystransformasie in die streek, die land en die wêreld. Die gedagteprikkelende en boeiende konferensie het ook

terreinbesoeke aan plaaslike gemeenskappe ingesluit, waar gemeenskapslede en US-vennote met konferensiegangers kon omgaan en oor hulle voetsoolervarings kon gesels.

## 14. Navorsing vir impak

Sedert die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se finansieringsraamwerk in 2005 die eerste keer ingrypend verander is, het ons **totale jaarlikse publikasie-uitset** vir subsidiedoeleindes (vaktydskrifartikels, boeke, boekhoofstukke, en gepubliseerde konferensieverrigtinge) bestendig bly toeneem. Volgens die jongste verslag, wat teen die einde van 2022 uitgereik is, het ons tydskrifpublikasies van 789,4 eenhede in 2005 tot 1 774,54 in 2021 toegeneem, wat op ’n jaarlikse groeikoers van 4,89% te staan kom. Algehele publikasie-eenhede het met 6,04% gestyg van 826,1 in 2005 tot 2 240,49 in 2021. Ons is vierde landwyd wat publikasies betref, en ons hoop om dít te verbeter deur ons nadoktorale voetspoor te vergroot.

Om die US se navorsingsimpak verder te bepaal, het die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, prof Sibusiso Moyo, onlangs gevra dat prof Johann Mouton, direkteur van die Sentrum vir Navorsing oor Evaluering, Wetenskap en Tegnologie (CREST), **’n omvattende bibliometriese ontleding van ons navorsingsprestasie** van 2005 tot 2021 onderneem. Sy verslag bestaan uit vier hoofstukke en is interessante leesstof. Hoofstuk 1 bevat ontledings en bevindinge oor die US se navorsingspublikasies die afgelope 17 jaar, en hoofstuk 2 bespreek tendense in die oplewering van magister- en doktorale graduati. Hoofstuk 3 en 4 beskou ons artikeluitset volgens onderskeidelik fakulteit en die Web of Science-databasis.

## SLOT

Alles dui daarop dat daar vir ons weer ’n uitdagende jaar voorlê. Nietemin is ál ons strategiese en bedryfsboustene in plek. Dus is ons goed toegerus om verder te reis na die florerende, lewenskragtige, getransformeerde en sistemies volhoubare universiteit wat ons graag wil wees, met ’n gevestigde kultuur van innovasie, entrepreneurskap, en soepel responsiwiteit op die behoeftes van die samelewing en die gemeenskappe wat ons bedien.

## MEDEWERKERS

*Die Rektor se Bestuursverslag is saamgestel deur die Uitvoerende Kommunikasie-ondersteuningspan in samewerking met prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, sowel as Mohamed Shaikh, uitvoerende bestuurder in die Rektoraat, en Melissa Douman, bestuurder van Uitvoerende Kommunikasie. Redigeer- en vertaaldienste is gekoördineer deur die US Taalsentrum en voorsien deur hulle medewerker Hendrien Swanepoel. Ons erken ook graag die volgende medewerkers, wat hier onder volgens US-verantwoordelikheidsentrum gelys word:*

**Bedryf en Finansies:** Prof Stan du Plessis, Manie Lombard en sy Finansies-span, Nicolette van den Eijkel en haar Fasiliteitsbestuur-span, Denisha Jairam-Owthar en haar Informasietegnologie-span, Ilhaam Groenewald en haar Maties Sport-span, en Anita Nel en haar Innovus-span

**Leer en Onderrig:** Prof Deresh Ramjugernath, dr Choice Makhetha, Yeki Mosomothane, Lynne Rippenaar-Moses, Minette Sieberhagen, Elmien Sinclair, Ramone Comalie, Eduard Beekman, Julie Nxadi, dr Antoinette van der Merwe, dr Karin Cattell-Holden, dr Jean Farmer, Claudia Swart-Jansen van Vuuren, dr Nicoline Herman, dr Anthea Jacobs, Charmaine van der Merwe, Sim Ntwasa, dr Jan Petrus Bosman, dr Sonja Strydom, Zainab Suliman, Morris Samuels, dr Arné Binneman, Selene Delport, Faika Haroun, Susan Lotz, Michelle Pieters, dr Rose Richards, dr Kim Wallmach, André Müller, Miné de Klerk, Michelle Munro, Qaqamba Mdaka

**Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie:** Prof Sibusiso Moyo, prof Johann Mouton, Maryke Hunter-Hüsselmann

**Registrateur**: Dr Ronel Retief, Gerhard Lipp, dr Celeste Nel, Bruce Banda, Ashmind Daniels, Farah Fredericks, Anne Havemann-Serfontein, Freek Truter, Beire Kramer, Salot Hanekom, Penny van der Bank, Charmaine Wing, Che Bermosky, Felecia van Rooi, Robert Young, Jonathan-Dale Blanckenberg

**Sosiale Impak, Transformasie en Personeel:** Prof Nico Koopman, Bongani Mgijima, Ulrich Wolff, Ricky Brecht, Johannes Adams, Natasha Coltman, Elvandré Galant, Awethu Fatyela, dr Claire Kelly, Katlego Letlonkane, Shanté Neff, dr Zethu Mkhize, Jubelian Korkie, Chevaan Peters, Mawethu Nyakatya, Renee Hector-Kannemeyer, Michelle Pietersen, Ernestine Meyer-Adams, Saartjie Botha, Candice Andries, dr Craig Thompson, dr Lynne Julie, dr Haidee Williams, dr Jo-Anne Kirby, suster Anneke van Heerden, Susan Crumpton, dr Pierre Viviers, Lieze-Carli Roux, Carmen Paynter, Shibu Mamabolo, Ebrahiem Abrahams, Venessa Williams, Joanne Williams

**Strategie, Globale en Korporatiewe Sake:** Prof Hester Klopper, dr Wayne Muller, Christelle Feyt, Tertia Kruger, Naudé van der Merwe, Amira Brown, Marguerite Cloete, Marick Hornsveld, Candes Keating, Michelle Swart, Martin Viljoen, dr Alec Basson, Magdel Pretorius, Leon Eygelaar, Jerall Toi, dr Barbara Pool, Lidia du Plessis, dr Nico Elema, prof Sarah Howie, Sarah van der Westhuizen